



'n Etimologiese perspektief op betekenisverandering in die Afrikaanse leksikon

Truida van der Merwe
Departement Afrikaans en Nederlands
Universiteit van Stellenbosch
STELLENBOSCH
E-pos: gsvdm@sun.ac.za

Abstract

An etymological perspective on semantic change in the lexicon of Afrikaans

This article deals with the most important processes of semantic change that have occurred in Afrikaans: semantic broadening, narrowing, shift and bifurcation. These processes are not necessarily gradual. There are many cases of radical change with no intermediate stages. Attention is also paid to other characteristics of semantic change such as irregularity, unpredictability and the spreading of semantic changes through the speech community. The main focus of the discussion is on a number of different factors that are responsible for semantic change. An exemplified description is given of the mechanisms by which semantic changes have occurred thus far in Afrikaans. Although the variety of semantic changes in Afrikaans catches the attention, it is also noteworthy that the change has not been very extensive. Taking into consideration the geographical distance and the diminishing ties between South Africa and the Netherlands, the similarity between Afrikaans and Dutch is remarkable.

Opsomming

'n Etimologiese perspektief op betekenisverandering in die Afrikaanse leksikon

Hierdie artikel bied 'n oorsigtelike beskouing van die belangrikste tipes semantiese wysigings in die geskiedenis van die Afrikaanse leksikon, naamlik betekenisverruiming, -verenging en algehele betekenisverskuiwing. Die meeste betekenisveranderinge het waarskynlik verskillende stadia deurloop en hoewel daar 'n wetmatigheid in die semantiese ontwikkeling te bespeur is, is daar ook uitsonderings wat betrekking het op onder andere onreëlmatigheid, onvoorspelbaarheid en verspreiding oor die taalgemeenskap. In die artikel word verder baie klem gelê op verskillende

faktore wat by semantiese veranderinge 'n rol speel. Verskeie taalinterne en -eksterne redes vir semantiese wysigings word aangetoon en met voorbeelde geïllustreer. Dit is opvallend dat Afrikaans, ten spyte van die groot verskeidenheid semantiese veranderinge, nie so drasties gewysig is dat dit 'n groot verwydering van Nederlands tot gevolg gehad het nie. Die taalooreenkomste tussen die twee tale is nog merkwaardig groot as die geweldige geografiese afstand tussen die taalgebiede en die kwynende kontak tussen die sprekers in ag geneem word.

1. Inleiding

Die Afrikaanse woordeskat, waarvan waarskynlik soveel as 95% van die woorde van Nederlandse herkoms is, het oor die afgelope drie en 'n halwe eeu in die oordrag van geslag tot geslag enkele semantiese wysigings ondergaan (Raidt, 1989:89-102). Sommige veranderinge het op 'n idiosinkratiese wyse plaasgevind, maar ander veranderinge vertoon bepaalde reëlmatighede, omdat die redes vir verandering of die proses van verandering by verskillende gevalle ooreenstem.

Al is die betekenis-komponent van 'n taal dié komponent wat die meeste onderhewig is aan veranderinge, kan veranderingsprosesse nie maklik waargeneem word terwyl dit aan die gang is nie (vgl. byvoorbeeld McMahan, 1994:174 en Wardhaugh, 1998:188). Drie metodes waarvolgens betekenisverandering nagespeur kan word, word deur Bloomfield (1979:425) aan die hand gedoen, naamlik:

- Dat ou tekste bestudeer moet word, omdat enkele woorde daarvan soms sodanig in woordkombinasies en kontekstuele verband gebruik word, dat dit vandag as vreemd aangevoel word.
- Dat vormverwante woorde van verwante tale semantiese vergelyk word, want dit kan daarop dui dat óf een óf meer van die woorde in 'n stadium betekenisverandering ondergaan het. Die Afrikaanse, Nederlandse, Engelse en Duitse woord vir *ken* het byvoorbeeld naasby dieselfde vorm, maar verskil semanties van die moderne Skandinawiese tale se ooreenstemmende woorde wat “wang” beteken. 'n Derde betekenis word geheg aan die verwante Sanskritwoord *hanuh*, naamlik “kakebeen”. Dit is 'n aanduiding dat sommige of al die moderne Germaanse tale in hierdie geval betekenisverandering ondergaan het.
- Die derde metode is minder betroubaar. Dit behels 'n teruggryp na die letterlike waardes van komposita soos “dophou” en afleidings soos “ontgeld” wat ondeursigtig geraak het omdat daar nie meer 'n semantiese verband raakgesien kan word tussen die huidige geheel-

betekenis en die komponentwaardes van die betrokke leksikale items nie.

In hierdie artikel sal voorts nie verder uitgewei word oor die naspourmetodes van betekenisverandering nie. Die bespreking sal hoofsaaklik gevoer word aan die hand van voorbeelde wat reeds in Afrikaanse bronne soos Van Wyk *et al.* (2002), Boshoff en Nienaber (1967), Van der Walt (1974) en Ponelis (1993:499-510) as gevalle van betekenisverandering geïdentifiseer is. Die aandag sal hier toegespits word op die belangrikste tipes betekenisveranderinge in die Afrikaanse leksikon, asook die faktore wat 'n rol gespeel het in hierdie proses.

2. Tipes semantiese wysigings

Volgens Crowley (1992:148-149) kan vier hoof tipes betekenisverandering in tale onderskei word, naamlik “broadening” (verruiming), “narrowing” (verenging), “shift” (verskuiwing) en “bifurcation” (splitsing). Hierdie vier tipes kan in twee hoofkategorieë gerubriseer word, naamlik 1. *betekenisverandering binne dieselfde begripsfeer* (betekenisuitbreiding en betekenisverenging), en 2. *betekenisoordrag van een begripsfeer na 'n ander* (betekenisverskuiwing). Vervolgens word die aard van hierdie veranderinge in breë trekke bespreek.

2.1 Betekenisverandering binne dieselfde begripsfeer

Betekenisverandering binne dieselfde begripsfeer, wat die prosesse *betekenisuitbreiding* en *-verenging* onderskeidelik behels, kan vanuit die perspektief van die logika verklaar word. Volgens De Vleeschauer (1951:24-25) kan twee momente onderskei word in elke begrip, naamlik die *inhoud* en die *omvang* daarvan. Onder die *inhoud* van 'n begrip ressorteer al die objektiewe kenmerke wat in die begrip onderskei kan word. Tot die inhoud van die begrip *hond* byvoorbeeld, behoort onder andere die volgende objektiewe kenmerke: “dier, substansie, vierpotige, behaarde vel”, ensovoorts. Onder die *omvang* hoort dit waarop die begrip dui. In die geval van *hond* is dit al die diere waarop “hond” van toepassing gemaak kan word, byvoorbeeld boerboele, bokkers, poedels, ensovoorts. Hierdie twee momente, *inhoud* en *omvang*, staan in 'n vaste verhouding tot mekaar, naamlik 'n verhouding van omgekeerde eweredigheid. Hoe kleiner die inhoud dus is, hoe groter is die omvang en omgekeerd. Dit word byvoorbeeld duidelik as die begrippe “dier” en “hond” met mekaar vergelyk word. “Dier” het baie minder en vaer kenmerke as “hond”, omdat daar by die begrip “dier” nog 'n aantal nuwe, spesifiserende kenmerke of predikate gevoeg moet word om 'n hond te midde van die diere te kan onderskei. Aan die ander kant is die begrip

dier op meer wesens toepaslik as die begrip *hond*. Die omvang van die begrip *dier* is dus groter (De Vleeschauwer, 1951:24-25).

Met hierdie logiese begripsbeskouing as uitgangspunt word betekenisuitbreiding en -verenging voorts onder die loep geneem.

2.1.1 Betekenisuitbreiding

Met betekenisuitbreiding, -verbreding of -verruiming van woorde word bedoel dat een of meer betekenisonderskeidinge tot die woord toegevoeg word sodat die woord hierna 'n wyer toepassing as vantevore het. Die omvang van die begrip brei dus uit. Talle woorde het in Afrikaans op hierdie wyse van betekenis verander. As voorbeeld word die substantief *bok* hier van nader bekyk. In Nederlands dui *bok* slegs op 'n manlike dier, wat in Afrikaans bekend staan as "bokram" (Boshoff & Nienaber, 1967:175) en het normaalweg betrekking op 'n soort werfdier wat in grootte ooreenstem met 'n skaap. In Afrikaans het *bok* 'n baie wyer omvang as in Nederlands omdat dit gebruik word vir 'n wye verskeidenheid herkouende diere – onder andere vir wat in Nederlands "geiten" en "herten" genoem word.

Die meeste gevalle van betekenisuitbreiding is waarskynlik die resultaat van metaforiese toepassing. Dit geskied deurdat gemeenskaplike eienskappe by verskillende sake raakgesien word en die naam van die een saak ook van toepassing gemaak word op die ander. Hierdie vorm van betekenisuitbreiding het dikwels polisemie tot gevolg. 'n Voorbeeld hiervan is *muis*, wat benewens die algemeen bekende betekenis van "knaagdier van die familie *Muridae*" (Odendal & Gouws, 2000:721) ook die betekenis bygekry het van "rekenaarapparaat wat met die hand beheer word om kommunikasie tussen die rekenaar gebruiker en die rekenaar te bewerkstellig" (eie definisie). In hierdie geval is die betekenisuitbreiding geïnspireer deur 'n vormooreenkoms tussen die betrokke sake.

Verskynsels soos sinekdogee en metonimie vertroebel die opvatting van betekenisuitbreiding, maar kan wel in 'n sekere sin as sodanig beskou word. By sinekdogee wysigings word 'n geheel byvoorbeeld aangedui deur die naam van 'n deel daarvan te gebruik, byvoorbeeld deur *bakoer* vir 'n "sekere soort jakkals" en *sekelstert* vir 'n "bobbejaan". Metonimiese wysigings, aan die ander kant, behels benoeming met benaminge van geassosieerde sake, byvoorbeeld *ventertjie* (vir 'n sleepwaentjie van Venter) en *potjie*, vir "potjiekosete" soos in: *Ons het hulle vir 'n potjie genooi*.

2.1.2 Betekenisverenging

Betekenisverenging, -inkrimping of -spesialisasie is presies die teenoor-gestelde van betekenisuitbreiding. Dit vind plaas sodra daar by die inhoud van 'n begrip een of 'n paar nuwe kenmerke gevoeg word. Dan word die omvang van daardie begrip vereng, sodat die woord se ver-wysingsveld krimp en betekenisspesialisasie plaasvind. Hierdie proses kan geïllustreer word met die woord *leraar* wat in Nederlands “onder-wyser in die algemeen” beteken en betrekking kan hê op 'n skool-onderwyser, 'n leermeester, 'n dosent en 'n predikant in enige onder-wysverband (Van Malssen *et al.*, 1914:1027). In Afrikaans beteken *leraar* ná betekenisspesialisasie slegs “predikant” of “dominee” (Odendal & Gouws, 2000: 649).

Baie woorde soos *leraar* se betekenisverenging kan daaraan toegeskryf word dat hulle selde in situasies gebruik is waar hulle volle be-tekenisomvang van toepassing was. Gewoonlik kom die algehele omvang van 'n woord se betekenis ter sprake in definisies of algemene stellings, soos: *'n Leraar se onderrig is van onskatbare waarde*. Indien 'n woord dus telkens slegs in eenderse soort situasies gebruik word, in een van sy toepassingsmoontlikhede, word dit later as die eintlike betekenis van die woord beskou en vereng die betekenis. In die geval van *leraar* wat eers “iemand wat onderrig gee; onderwyser in die algemeen” beteken het, is die woord by herhaling in die betekenis van “godsdien-s-onderwyser” gebruik. Dit het in hierdie funksie gespesialiseer geraak en is in die betekenis van “lesgewer van verskillende vakke” verdring deur die woord *onderwyser*.

Betekenisverenging is ook dikwels ter sprake by ontlenings aan ander tale. Afrikaans het byvoorbeeld nie die Engelse woorde *speaker* en *tjop* (van *chop*) in die volle omvang van hul betekenis ontleen nie, maar slegs in die betekenis van “voorsitter van die parlement” en “ribbetjie van 'n skaap, gewild as braaivleis” onderskeidelik (Odendal & Gouws, 2000:1050; 1158).

2.2 Betekenisoordrag van een begripsfeer na 'n ander (betekenisvervanging of -verskuiwing)

2.2.1 Algehele vervanging

Hierdie soort semantiese verandering behels dat 'n woord se oor-spronklike betekenis heeltemal verlore gaan en 'n nuwe betekenis in die plek daarvan kom. Die woord *smous* kan as voorbeeld hiervan dien. Volgens De Vries (1976:202) is *smous* “sedert de 18de eeuw in gebruik, aanvankelik voor de duitse jood”. Van Malssen *et al.* (1914:1656) meld

dat dit 'n "scheldnaam aan de Joden gegeven" is en figuurlik gebruik, 'n sinoniem aan "bedrieger" is. Dié woordeboek vermeld verder dat die woord in Suid-Afrika beteken: "rondreizend handelaar, meestal een Jood". Omdat nie-Jode ook rondreisende handelaars geword het, het die verband met Jood vervaag. Vandag kan enige persoon wat rondreis of in die strate met handelsware rondgaan, *smouse* wees. As daar nie kennis gedra word van die verskillende veranderende kulturele milieus waarin die woord se semantiese waarde oor eeue heen ontwikkel het nie, lyk dit of daar 'n semantiese sprong plaasgevind het, omdat daar op die oog af geen verband tussen die begin- en eindbetekenis is nie.

2.2.2 Betekenissplitsing

Dit behels dat 'n leksikale element naas sy oorspronklike semantiese waarde 'n nuwe, onverwante waarde kry. Voorbeelde hiervan is gevalle soos *stokstyf* en *doodbang* wat ontstaan het as vergelykingskomposita ("so *styf* soos 'n *stok*" en "so *bang* dat jy kan *doodgaan* daarvan"). Hierdie eerstekomponentbetekenisse het mettertyd ook 'n intensiverende waarde aangeneem, wat op die oog af geen semantiese verband met hul woordkorrelate *stok* en *dood* vertoon, soos wat te vinde is by die "letterlike" en "figuurlike" waardes van metafore nie. Hierdie waarde is "baie" of "in 'n hoë mate". Baie komposita met *stok-* en *dood-* as eerste komponent het na analogie van hierdie gevalle ontwikkel met slegs die intensiverende waarde en geen "letterlike waarde" nie. Voorbeelde hiervan is *stokblind* en *doodgoed*. In die geval van *stokstyf* en *doodbang* egter, is daar meer as een semantiese waarde, naamlik die oorspronklike "letterlike waarde" plus die intensiverende waarde. Hierdie spesifieke gevalle sou dus as voorbeelde van betekenisplitsing kon dien.

3. Redes vir betekenisverandering

McMahon (1994:178) onderskei vier oorsake van betekenisverandering, naamlik linguistiese, historiese, sosiale en psigologiese oorsake. Hierdie klassifikasie is wel van waarde, maar die redes vir Afrikaanse woordbetekenisverandering kan nie almal maklik onder hierdie kategorieë tuisgebring word nie. Vervolgens word 'n aantal taalinterne en -eksterne redes met betrekking tot betekenisverandering in Afrikaans onder die loep geneem. Hoewel die redes afsonderlik behandel word, moet in gedagte gehou word dat daar by die betekenisverandering van Afrikaanse woorde dikwels 'n paar faktore tegelyk in die spel was.

3.1 Die aard van taal

Afrikaans het soos ander tale sekere inherente kenmerke wat veroorsaak dat die taal hom leen tot betekenisveranderinge. Vervolgens word hierdie kenmerke kortliks bespreek.

- Die arbitrêre aard van woorde

Omdat daar by leksikale eenhede meestal nie 'n een-tot-een-verhouding tussen vorm en betekenis is nie, kan daar by elkeen (vorm en betekenis) veranderinge plaasvind sonder om die ander noodwendig te affekteer.

- Die verskynsel van polisemie

Die meeste woorde is polisemies van aard en kan maklik verdere betekenis of betekenis-skakerings verwerf sonder dat die bestaandes verlore gaan. Dit bring 'n semantiese beweeglikheid en soepelheid by hierdie woorde teweeg. Volgens Anttila (1989:136) is dit een van die belangrikste redes waarom woorde se betekenis verander.

- Referensiële verskuifbaarheid van leksikale eenhede

Leksikale eenhede word daardeur gekenmerk dat semantiese waardes toegevoeg kan word by bestaande waardes en dat bepaalde waardes ook kan verdwyn. Dit impliseer egter nie dat woorde vaste kern- of sentrale betekenis het wat onveranderlik is nie. Om verskeie redes kan daar ook totale referensiële verskuiwings plaasvind sodat 'n leksikale eenheid 'n heeltemal nuwe semantiese waarde kan verkry wat geen verband toon met die oorspronklike waarde nie.

- Semantiese vaagheid

Daar kan verskillende vorme van vaagheid met betrekking tot taal en taalgebruik onderskei word wat bevorderlik is vir betekenisverandering. Goyvaerts (1981:8) noem byvoorbeeld die afwesigheid van duidelike semantiese grense, wat dikwels deels daarvoor verantwoordelik is dat taalgebruikers bepaalde woordbetekenis nie duidelik konseptualiseer nie. Die veelvuldige semantiese waardes van sommige woorde, wat dikwels in 'n mate met dié van ander woorde ooreenstem, kan ook vaagheid in die hand werk.

- Dubbelsinnigheid

Polisemie en vaagheid kan op hul beurt aanleiding gee tot die ontstaan van dubbelsinnigheid. Die konteks bied nie altyd 'n oplossing nie en soms is die konteks self dubbelsinnig. De Villiers (1975:109) spreek die

vermoede uit dat *amper* op dié wyse betekenisverandering ondergaan het in Afrikaans. *Amper* beteken in Nederlands “nouliks” en in Afrikaans “byna”. Dit is waarskynlik meermale in die Kaap gebruik in ’n situasie waar die onderskeid tussen “nouliks” en “byna” onbelangrik is, byvoorbeeld: *Het is amper licht*. So ’n geval kan maklik aanleiding gee tot betekenisverskuiwing.

- Die struktuur van die leksikon

Verskeie linguïste het al in die verlede beklemtoon dat die struktuur van die leksikon ’n belangrike faktor is wat semantiese veranderinge moontlik maak. Anttila (1989:136) en Goyvaerts (1981:10) wys byvoorbeeld daarop dat die leksikon opgebou is uit ’n oneindig groot aantal leksikale eenhede, wat gesamentlik ’n losse versameling uitmaak en nie ’n vaste geheel vorm nie, omdat daar voortdurend elemente is wat bykom of verdwyn. Verder is daar ’n groot verskeidenheid van semantiese relasies wat die hele sisteem baie kompleks maak, en dit is juis dié kompleksiteit wat die moontlikheid van betekenisverandering verhoog.

3.2 Metaforiese woordgebruik

Baie taalkundiges is dit eens dat die metafoor een van die grootste kragte is in semantiese verandering. Hock en Joseph (1996:228) sê byvoorbeeld: “The main vehicle through which words acquire new or broader meanings is metaphor.” Hoewel die metafoor baie verskillende vorme kan aanneem, word dit meestal daardeur gekenmerk dat dit verbande lê tussen verskillende domeine. Betekenisverandering as gevolg van metaforiese woordgebruik kom neer op die gebruik van ’n woord om ’n ander, ooreenstemmende saak te benoem as dit wat dit vantevore benoem het. Dit kom dus neer op semantiese oordrag weens ooreenstemmende kenmerke en soos Bloomfield (1979¹⁴:429) dit stel, is dit dikwels ’n oordrag van ’n “konkrete” of “letterlike” saak na ’n abstrakte saak.

Betekenisverandering weens metaforiese gebruik vind meestal plaas vir noemende doeleindes, byvoorbeeld *kapok* in die betekenis van “sneeu” (eerste opgeteken in 1884, volgens Van Wyk *et al.*, 2002:73). Metafore wat vir affektiewe doeleindes geskep word, kan ook blywende betekenisverandering tot gevolg hê, byvoorbeeld *kanker* in die betekenis van “knaag” (fig.) (*Die wraakgedagtes kanker voort aan my siel.*)

3.3 Die emotiewe gebruik van woorde as oorsaak van betekenisverandering

Indien woorde, soos in bogenoemde geval van metaforiese woordgebruik, ingespan word om die gevoel of houding van die taalgebruiker jeens iemand of iets te kenne te gee, is hulle besonder vatbaar vir betekenisverandering. De Villiers (1975:117) noem as verklaring hiervoor dat woorde met ekspressiewe waardes 'n sterker subjektiewe inslag as ander woorde het en gevolglik meer labiel is.

Gewoonlik neem woorde wat om affektiewe redes van betekenis verander het óf 'n ongunstiger óf 'n gunstiger betekenis aan as wat hulle gehad het. *Poes* is 'n voorbeeld van 'n pejoratiewe wysiging weens affektiewe metaforiese toepassing. In Nederlands het die woord 'n neutrale referensiële waarde, waar dit na 'n kat verwys, maar in Afrikaans het dit 'n taboewoord geword in die eufemistiese verwysing na die skaamdeel van 'n vrou. Amelioratiewe wysigings vind meestal plaas indien 'n taboewoord of kru woord so herhaaldelik gebruik word dat die kruheid verdof. *Verneuk* en *verkrag* is voorbeelde hiervan in Afrikaans. Waar albei woorde se kernbetekenis in Nederlands betrekking gehad het op geslagsomgang (Van Malssen *et al.*, 1914:1867; 1874), het hulle langs die weg van affektiewe metaforiese toepassing betekenisverandering ondergaan. *Verneuk* beteken nou in Afrikaans slegs "bedrieg" of "kul" (Odendal & Gouws, 2000:1265) en *verkrag* het naas sy letterlike waarde "met geweld en intimidasie geslagsgemeenskap met 'n vrou hê" die volgende figuurlike toepassing ontwikkel: "vertrap, skend, geweld aandoen" soos in: *die regte van 'n volk verkrag* of *my gewete verkrag* (Odendal & Gouws, 2000:1259).

Houding en gevoel word dikwels op indirekte wyses uitgedruk. Naas metaforiek, kan *ironie*, *eufemisme* of *hiperboliek* hiervoor ingespan word. Dan speel paralinguale middele 'n groot rol om aan te dui wat werklik bedoel word. Die bespreking handel voorts oor die rol van laasgenoemde drie taalverskynsels by betekenisverandering.

3.3.1 Ironie

By ironiese woordgebruik word 'n opposisionele semantiese waarde opsetlik uitgedruk met betrekking tot die waarde wat werklik bedoel word. (Sien Van der Merwe, 2001:97-101 vir 'n bespreking van die semantiese verhoudinge in ironie.) Aanhoudende ironiese gebruik met emosionele beweegredes kan daartoe lei dat taalgebruikers later nie meer daarvan bewus is dat 'n bepaalde woord ironies gebruik word nie. So het talle woorde in die verlede as gevolg hiervan van betekenis verander. Hul ironiese waarde het afgeslyt en hulle het gewone woorde geword.

Oorlams is 'n voorbeeld hiervan. Volgens Boshoff en Nienaber (1967: 466) stam dit af van die ou Maleise *orang lama*, wat beteken het: "iemand wat al lank gelede (na die Ooste) gekom het". Jan Van Riebeeck het die woord *orangh lammen* as substantief gebruik om na Nederlanders te verwys wat lank in die Ooste was. Aan die Kaap het die woord, volgens Smith (1962:168-174) onder andere beteken: "mens (van) lank gelede" – d.w.s. 'mens wat reeds lank in die land is'. Die woord is daarna geadjektiveer en volksetimologies vervorm tot *oorlams*. Dit is ook toegepas op slawe en Hottententotte wat Westerse gewoontes en maniere aangeleer het en baie bedrewe was. Hierna het dit in sommige kringe van die Boland die ietwat negatiewe betekenis aangeneem van "uitgeslaap, geslepe, slu, skelm" soos "ou kalant, lank in die land" en later ook in sommige Bolandse gemeenskappe: "stadig, sleg by die werk" (Smith, 1962:174; Odendal & Gouws, 2000:797). 'n Verklaring wat hiervoor gegee kan word, is dat die woord waarskynlik ironies toegepas is op onbedrewe werknemers. Hierna het die ironiese waarde ontwikkel in pejoratiewe waardes.

3.3.2 Eufemistiese woordgebruik

Eufemismes word gebruik om ander woorde te vervang wat met iets onaangenaams geassosieer word, of wat taboe is in sekere kontekste. Tradisionele woorde met betrekking tot onaangename, aanstootlike, vreesinboesemende, heilige of onheilige sake in die gemeenskap raak dikwels taboe en dit laat weer 'n behoefte ontstaan aan eufemistiese herbenoeming en herbeskrywing. Hiervoor word bekende woordmateriaal dikwels in nuwe funksies ingespan. In die Afrikaanse tradisie betrek dit onder andere die volgende sake: die Opperwese, die duiwel, sondige aktiwiteite, die dood, terminale siektes, fisiese en geestelike afwykings, seks, die skaamdele en uitskeidingsfunksies van die liggaam.

By die herhaalde gebruik van eufemismes raak die eufemistiese funksie later heeltemal afgeslyt en word hulle aangevoel as die direkte name vir dinge of handeling. *Jok* is so 'n geval. Die oorspronklike semantiese waarde van die woord was gelykstaande aan die Engelse werkwoord *joke* wat "'n grap maak" beteken. In Nederlandse woordeboeke is die eerste betekenisopgawe van die werkwoord nog steeds "schertsen, gekheid maken" (vgl. Koenen, 1986:480). Hierdie betekenis van "skerts" bestaan nie meer in Afrikaans nie. Die Afrikaanse waarde is "'n leuen vertel; onwaarheid praat: versagtend vir *lieg*" (Odendal & Gouws, 2000: 489). Die betekenisverandering kan toegeskryf word aan eufemistiese aanwending. Om dit nie pertinent uit te druk dat 'n persoon wat nie die waarheid praat, "lieg" nie, is dit eerder verbloemend as "grappies maak" bestempel. Hierdie waarde spruit waarskynlik voort uit die Nederlandse kindertaal, want Van Malssen *et al.* (1914:868) dui aan dat dit daar

aangewend word as “verzachtende uitdrukking voor: onwaarheid spreken, liegen”.

3.3.3 Hiperboliese woordgebruik

Net soos in die geval van semantiese veranderinge as gevolg van ironiese en eufemistiese woordgebruik, kan affektiewe hiperbole ook lei tot permanente betekenisverandering. Die woord *huil* het byvoorbeeld vroeër gedui op 'n harde, skreeuende en klaende verdrietsuiting. Van Malssen *et al.* (1914:812) definieer dit soos volg: “een hoog en hol, klagend, onaangenaam geluid doen hooren”. Die betekenis van *huil* het ooreengestem met die waarde van die Engelse woord *howl* wat veral betrekking het op die klaende geluide wat 'n hond en 'n wolf kan maak. Geleidelik is die woord toe in sekere Nederlandse dialekte toegepas op minder hartstogtelike verdrietsuitings. In Afrikaans word die woord vandag selde gebruik vir 'n tranestorting wat met klaende en kermende geluide gepaard gaan. *Huil* dui meer dikwels 'n tranestorting aan wat met snikke gepaard gaan as smart die oorsaak is, met pyninterjeksies as dit 'n uiting van pyn is en met vreugde-interjeksies as dit 'n vreugde-uiting is. Die gewysigde gebruik is waarskynlik daaraan toe te skryf dat *huil* in sekere situasies hiperbolies gebruik is vir 'n gewone tranestorting in plaas van 'n neutrale woord soos *wenen* of *schreien*, soos vandag nog in Nederlands. In aanhoudende oordrywende funksie het dit afgestomp en 'n neutrale waarde aangeneem. Dieselfde het met *vreeslik*, *verskriklik* en *wonderlik* gebeur. Vroeër was die semantiese waardes van *vrees*, *verskrik* en *wonder* (“iets onbegryplik buitengewoons”) duidelik in hierdie afleidings waarneembaar. Vandag word hulle egter as graadaanduidende bywoorde of byvoeglike naamwoorde in die betekenis van “baie” of “in 'n hoë mate” beskou, soos in *verskriklik snaaks*, *vreeslik bly* en *wonderlik interessant*.

3.4 Gebrekkige waarneming / misverstande / onkunde as oorsaak van betekenisverandering

Waarskynlik een van die belangrikste redes vir betekenisverandering is die onvoldoende kennis van sommige taalgebruikers. Dikwels heg kinders verkeerde betekenis aan woorde. As dit om die een of ander rede nie reggestel word nie, kan dit lei tot betekenisverandering. Goyvaerts (1981:7) toon aan dat die onsamehangende wyse waarop taal van die een generasie na die ander oorgedra word, een van die faktore is wat taalverandering bevorder, hoewel dit nie altyd direk verantwoordelik is vir spesifieke taalveranderinge nie. Ook volwassenes kan aanleiding gee tot die betekenisverandering van 'n woord sonder dat hulle dit opsetlik so bedoel of sonder dat hulle bewus is daarvan. Dit gebeur deurdat 'n persoon 'n woord hoor (of lees), 'n verkeerde begrip

daarvan vorm en dan by geleentheid die verkeerd begrepe woord gebruik soos dit verstaan word. Invloedryke persone soos TV-akteurs, gewilde sangers en sportsterre kan die verspreiding van 'n bepaalde betekenis geweldig bevorder. In hierdie verband kan die liedjie "Ek sou kon *doen* met 'n miljoen" van Lucas Maree vermeld word. Hierdeur is die Anglisistiese waarde van *doen* ("klaarkom; nuttig gebruik; sig behelp met") sterk gepropageer.

Betekenisverwarring is waarskynlik die rede waarom *proe*, wat aanvanklik die betekenis gehad het van "ondersoek hoe iets smaak", ook die betekenis van "smaak" gekry het. *Proe* het gedui op die ondersoek-handeling en *smaak* op die gewaarwording wat daaruit voortspruit, maar as gevolg van verwarring het *proe* nou ook 'n sinoniem van *smaak* geword. Die betekenis "smaak" is aanvanklik as fout bestempel, maar tans is dit 'n erkende semantiese waarde van *proe* (Odendal & Gouws, 2000:872).

'n Ander voorbeeld van betekenisverandering wat waarskynlik uit 'n misverstand voortspruit, is die betekenisverandering wat die woord *sondebok* ondergaan het. Volgens Van Malssen *et al.* (1914:2045) beteken *zondenbok*: "persoon op wie anderen hun schuld werpen" en is die persoon self dikwels onskuldig. Dit is in ooreenstemming met die oorspronklike begrip en gebruik, soos dit in Levitikus 16:10 en 22 beskrywe word: om diere te offer as versoening vir die sondes van mense. Waarskynlik as gevolg van misverstande, wanopvattinge of swak kennis van die ontstaansgeskiedenis van die woord, word *sondebok* algemeen in die volksmond in die betekenis van "skuldige, belhamel, voorbok" gebruik, soos dit ook aangegee word in die *Nasionale Woordeboek* (De Villiers, Smuts & Eksteen, 1977:469).

Misverstande oor woordbetekenis kan voorkom as die konkrete, sigbare demonstrasie van die betekenis nie as kontrole dien nie, met ander woorde as die werklike betekenis van die woord of uitdrukking en die verkeerde betekenis wat 'n persoon daaraan gee, albei van toepassing kan wees in 'n bepaalde situasie. Die persoon wat onder misverstand verkeer, kom dan nie sy/haar fout agter nie. Daar is baie gevalle van sulke verkeerde gebruike wat nie deur woordeboeke erken word nie, maar tog as algemene gebruikswyses beskou kan word. Voorbeelde hiervan is *inteendeel*, *egter* en *in swang* soos geïllustreer in die volgende sinne:

- Ek was vanoggend in die kerk baie vaak; *inteendeel* ek het lang tye gesit en slaap.
- Dit was warm. Ek het *egter* nie lus gehad vir swem nie.

- Die partytjie was *in volle swang* toe hy daar opdaag.

Bloomfield (1979:431-432) wys op nog 'n soort wanopvatting. Dit ontstaan wanneer 'n persoon 'n woord slegs in 'n randbetekenis hoor en dit ook slegs in daardie betekenis gebruik onder die indruk dat dit die kernbetekenis is. Daarna kan dit oor die taalgemeenskap versprei, soos in die geval van *koren*, wat die betekenis van “graan in die algemeen” gehad het (Smith, 1962:264). Tans dui dit egter in Suid-Afrika net op 'n bepaalde graansoort.

Idiosinkratiese semantiese opvattinge kan ook doelbewus oor 'n taalgemeenskap versprei word soos met *fiks* gebeur het. Volgens Meyer de Villiers (mondelinge mededeling), gewese taalkundeprofessor aan die Universiteit van Stellenbosch, het mnr. L.W. Hiemstra, voormalige taalkundige redakteur van *Die Burger*, in die vyftigerjare die woord *fiks* waarskynlik om puristiese redes in die plek van “*fit*” (van Eng.) in *die Burger* in gebruik gestel. Die betekenis wat aan *fiks* geheg is, is “gesond, flink, rats, liggaamlik geskik, afgerig”. *Fiks* kom via Nederlands van die Latynse woord *fixus*, wat oorspronklik beteken het “stewig, vas” (Boshoff & Nienaber, 1967:226). Dié woord het naas die betekenis wat Hiemstra voorgestaan het ook ander toepassings in Nederlands, byvoorbeeld: “een fikse klap” (’n harde klap) “ik ben niet erg fiks” (voel nie gesond nie) of “fiks lopen” (flink loop) (Koenen, 1986:296). Hierdie betekenis is nie in Afrikaans oorgeneem nie.

3.5 Veranderinge in die buitetalige wêreld

3.5.1 Saakverandering

Daar bestaan verskil van mening onder taalkundiges of woorde van betekenis verander indien die sake waarna hulle verwys, verander. 'n Woord soos *naaimasjien* dui byvoorbeeld vandag op 'n saak wat in 'n baie hoë mate verskil van die saak waarna dit 'n eeu gelede verwys het. Toe was dit 'n ystermasjien met duidelik sigbare ratte, stawe en 'n handaangedrewe slinger. Vandag word die masjien omhul deur 'n dop, met elektrisiteit aangedryf en met 'n voetpedaal gereguleer. Goyvaerts (1981:14) meen byvoorbeeld dat saakverandering noodwendig lei tot betekenisverandering. “Veranderinge in de zaak waarnaar gerefereerd wordt brengt onvermijdelijk verandering in het taalteken, dat naar de zaak refereert, met zich mee.” Maar ander taalkundiges soos Devos en Van Keymeulen (1990:173) meen dat nie alle buitetalige veranderinge betekenisverandering teweegbring by die leksikale items wat daarop van toepassing is nie, omdat die verhouding tussen taal en werklikheid nie direk is nie. Hulle stel dit soos volg:

Woorden zijn geen rechtstreekse afbeeldingen van fenomenen, maar van begrippen, van denkcategorieën, die het resultaat zijn van de wijze waarop een taalgemeenschap haar leefwereld ervaart, indeelt en lexicaliseert.

Dit kom dus daarop neer dat 'n nuwe soort skoen, tafel, huis of vliegtuig nie noodwendig aanleiding hoef te gee tot nuwe benaminge of nuwe betekenis nie. Devos en Van Keymeulen (1990:174) sê:

... de extensie van een lexeem is immers een open verzameling waarbij steeds nieuwe referenten (= zaken) gevoegd kunnen worden. Het reeds bestaande woord *schoen* wordt dan gebruikt om een nieuw model schoenen aan te duiden.

Dit lyk of die goue middeweg hier gevolg behoort te word, naamlik dat beperkte saakverandering nie as betekenisverandering beskou behoort te word nie, maar indien 'n bepaalde limiet van verandering oorskry word en 'n saak totaal van funksie en vorm verander, behoort dit wel as 'n geval van betekenisverandering erken te word. Wat die grens presies is of behoort te wees, is nie duidelik nie.

3.5.2 Omgewingsverandering

Die woordvoorraad wat Afrikaans geërf het en selfs latere ontleninge aan Nederlands het heelwat betekenisveranderinge in Afrikaans ondergaan as gevolg daarvan dat die landsomstandighede aan die suidpunt van Afrika baie van die Europese omgewing verskil het. Die Nederlanders wat hulle hier in Afrika gevestig het, het baie woorde in hul leksikon op sake kom toepas wat oënskynlik ooreengestem het met dinge waarmee hulle in Nederland vertrouwd was, maar wat in werklikheid heeltemal verskillend was. J. du P. Scholtz (1974:15) sê: “Algemeen bekende name is hier toegepas op plante en diere wat met die oorspronklike draers van dié name weinig gelykenis vertoon – tot ergernis van latere natuurondersoekers”. Hy noem dan voorbeelde van visse soos *kabeljou* en *snoek*, voëls soos *fisante* en *vinke*, soogdiere soos *jakkalse*, *dassies* en *seekoeie*, plante soos *preie* en bome soos *sipresse* en *boekenhout* (Scholtz, 1974:16-21).

Baie woorde wat op bodemgesteldheid betrekking het, het ook in Afrikaans betekenisverandering ondergaan. *Dam* het byvoorbeeld oorspronklik die betekenis van “waterkering; wal” gehad (Koenen, 1986: 209). In Afrikaans beteken dit verder ook “plek, gewoonlik 'n holte waar water opgegaan word” en verder ook “die water self wat opgegaan word” (Raidt, 1989:100). Nog voorbeelde is *spruit*, wat die betekenis van “sytak van 'n rivier” (Koenen, 1986:1042) bygekry het, en *fontein* wat in Afrikaans ook, anders as in Nederlands, “natuurlike waterbron” kan

beteken (Koenen, 1986:303). Soos aan die begin vermeld, kan hierdie tipe betekenisverandering nie net aan omgewingsverandering toegeskryf word nie, maar was daar waarskynlik ook tegelyk ander faktore soos metaforiek en metonimie in die spel.

De Villiers (1975:116) sê hiervan: “Hoewel dit ook in ander tale en in ander tye voorkom dat so iets gebeur, kan ons wel aanneem dat dit ongewoon is dat daar op so ’n groot skaal naamwisseling plaasgevind het.”

3.5.3 Sosiale en kulturele verandering

Veranderinge in die samelewing wat byvoorbeeld bedrywighede en gebruike betref, lei in sommige gevalle tot betekenisverandering. ’n Woord wat byvoorbeeld ’n gewysigde betekenis gekry het as gevolg van gewysigde gebruike is die woord *kardoes* (papiersak), wat eers gebruik is in die betekenis van “buskruitlading vir geskut, gepak in ’n sak van katoen of papier of in ’n papier- of metaalhuls, of kruitlading vir ’n voorlaaiergeweer, gepak in papier”. In die loop van die neëntiende eeu is *kardoes* ook gebruik om ander dinge soos lekkers en tabak in te dra en te bêre. (Eerste opgeteken in Afrikaans in 1880, volgens Van Wyk *et al.*, 2002:73.)

3.6 Ellips as oorsaak van betekenisverandering

In Afrikaans is daar ’n hele paar woorde wat ’n verdigte betekenis verteenwoordig van wat eens ’n tweekledige woordverbinding was, byvoorbeeld *aanstaande* van “aanstaande echtgenoot”, *invalide* van “invalide persoon” *epidemie* van “epidemiese siekte” en *verloofde* van verloofde vriend of vriendin”.

Aantrek verteenwoordig ’n ietwat andersoortige betekenisverdigting. De Villiers (1975:121) verduidelik dat die werkwoord *aantrek* ook oorspronklik uit ’n langer woordverbinding spruit, naamlik “zich kleren aantrekken”. Die Afrikaanse betekenis verteenwoordig die verdigting of verkorting van ’n woordgroep waarin die een of ander kledingstuk as voorwerp genoem is. Met die verswyging van dié voorwerp en die wederkerende voornaamwoord in ’n sin soos “Ek gaan gou aantrek”, het die werkwoord *aantrek* in die konteks van klee en verklee ’n betekenisverandering ondergaan, omdat dit in hierdie verband nie meer nodig is om te vermeld wat jy in die letterlike sin van die woord aan jou lyf moet trek nie.

3.7 Betekenisverandering as gevolg van begripsassosiasies

Daar is talle gevalle van betekenisverandering wat plaasgevind het as gevolg daarvan dat twee begrippe binne dieselfde situasie met mekaar geassosieer is. Hierdie proses het dan gelei tot naamsoordrag van die een begrip op die ander. *Moesie* stam byvoorbeeld af van die Nederlandse woord *moesje* (1657) wat beteken het: “klein, ronde, swart skoonheidspleistertjie van tafsy” (uit Frans *mouche* “vlieg”, uit Latyn *musca* “vlieg”). In Afrikaans het ’n nuwe betekenis begin ontwikkel, naamlik “klein, ronderige, opgehewe groeisel of bruin of swart vlek op die vel”, wat die eerste opgeteken is in 1896 (vgl. Van Wyk *et al.*, 2002:90).

Nog so ’n voorbeeld is die werkwoord *kuier* wat in Nederlands die standaardbetekenis van “slenterend wandel” het (Abeling, 2002:383). In Afrikaans is die standaardbetekenis “’n vriendskaplike besoek aflê” (Odendal & Gouws, 2000:623). Volgens Van Malssen (1914:995) het *kuieren* ook die gewestelike betekenis van “keuvelen, kouten, gezellig praten”. ’n Verwante betekenis kom tans in die Afrikaanse geselstaal voor, naamlik “gesellig saam verkeer”. In sommige gevalle neig dit na die negatiewe kant en word dit toegepas op mense wat fuif of alkoholiese drank gebruik terwyl hulle saam verkeer (Odendal & Gouws, 2000:623). ’n Waarskynlike rede vir hierdie betekenisontwikkelings is begripsassosiasies. Terwyl ’n mens *slenterend wandel* is daar baie tyd om *gesellig* met die metgesel(le) of met bekendes langs die pad te *kommunikeer*. Hierdie vorm van kommunikasie vind ook dikwels plaas as ’n mens om vriendskaplike redes by iemand *besoek aflê*.

3.8 Linguale assosiasie: die invloed van ander woorde

3.8.1 Verouderde komponente

Nog ’n faktor wat ’n rol speel by betekenisverandering is die strewe om ’n verouderde of minder bekende woord of woordkomponent aan ’n meer bekende vorm te verbind. Hierdie assosiasie het dan dikwels tot gevolg dat daar ’n herinkleding van die beeld plaasvind, wat soms ook gepaard gaan met volksetimologiese wysigings.

Volksetimologie is ’n term wat dui op ’n proses van woordvervorming in die volksmond waardeur verandering in vorm en/of betekenis deur klank- en/of begripsassosiasies plaasvind. Dit kom neer op herstrukturering en/of hermotivering van die woord (Philippa, 1990:350). Die Nederlandse woord *sintvloed* is byvoorbeeld vroeër gebruik om na die groot vloed in Noag se tyd te verwys (Genesis 7) (Smith, 1962:162). Die komponent *sint-* het die waarde gehad van “groot” en is in verskeie ou samestellings gebruik om die betekenis van die volgende komponent te versterk of te

ver groot, soos in die Middelhoogduitse woord *singrüne*, wat “altyd groen” beteken het (De Vries & De Tollenaere, 1983:364). Waarskynlik as gevolg van die vervaging van die komponentbetekenis van *sint-* in die kompositum *sintvloed* en die verdwyning van die woordkorrelaat *sint*, is in verskillende Germaanse tale klankmatig en semanties ’n verband gelê tussen *sint-* en die woord wat op *sonde* dui, byvoorbeeld *zonde* in Nederlands en *Sünde* in Duits. Dit is omdat dit die sonde van Noag se tydgenote was wat aanleiding gegee het tot die groot vloed. *Sintvloed* is derhalwe ook spellingmatig gewysig tot *sondvloed* in Afrikaans. Gevolglik word *sondvloed* vandag geheranaliseer.

Betekenisverandering wat met volksetimologiese vervormings gepaard gaan, bring nie altyd groter deursigtigheid teweeg nie. Hoewel *opsluit* ’n vervorming van *absoluut* is (Boshoff & Nienaber, 1967:169) en ’n gespesialiseerde betekenis aangeneem het van “beslis (in die voorneme om iets te doen)” (Odendal & Gouws, 2000:813), het die vormwysiging nie die betekenis verhelder nie, al is daar herkenbare komponente in die woord.

3.8.2 Taboewoorde

Taboewoorde of -komponente word soms deur volksetimologiese vervormings in eufemismes omskep. *Hanepoot* was byvoorbeeld vroeër *hanekloot* (*kloot* = “testikel”), ’n metaforiese benaming vir ’n druifsoort geïnspireer deur die vorm van die korrels. Dit is in die agtiende eeu eufemisties vervorm tot *hanepoot* (Van Wyk, 2002:64). *Karkatjie* (puisie of sweetjie op die ooglid) is die produk van ’n soortgelyke eufemistiese wysiging vanaf *kakkatjie* (verkleiningsvorm van *kak* = “drek”) (Van Wyk *et al.*, 2002:74). Hierdie fonetiese veranderinge het die metafore vervaag.

3.8.3 Ontlenings

Dit kom algemeen in tale voor dat leenwoorde geassosieer word met bekende woorde met gevolglike betekenisverandering van laasgenoemde. Anttila (1989²:140) maak die volgende stelling in hierdie verband: “Various aspects of loan translations show how analogical and iconic relations reshape the semantic content of native morphemes.” Soms gaan die proses ook gepaard met vormverandering.

Baie Afrikaanse woorde se semantiese waardes is gewysig weens assosiasies met verwante homofone of gedeeltelike homofone Engelse woorde. Hieroor maak Donaldson (1988:226) die volgende stelling:

The most common form of semantic shift caused by the contact with English is an extension of meaning whereby an Afrikaans word, if one compares it with its cognate in Dutch, has assumed new

meanings while usually not losing its original Diets meanings; the semantic fields of two words which were only partially synonymous have moved closer together so that the degree of overlapping has increased.

'n Tipiese voorbeeld van 'n leenbetekenis (soos die verskynsel bekend staan) word gevind by 'n geval soos *afsien* waar die betekenis "iemand wat weggaan, groet" ontleen is aan die Engelse "see (someone) off". Ongeveer dieselfde het gebeur met *skok*. In Nederlands kan die betekenis van die werkwoord ruweg beskryf word as gelyk aan "'n skok of skokke gee", in letterlike en figuurlike sin. Maar in Engels het *shock* ook 'n paar ander waardes, onder meer "aanstoot gee, sedelik onaangenaam verras" wat op die Afrikaanse woord oorgedra is (De Villiers, 1975:123). Talle vorme van Anglisistiese semantiese wysigings kom voor, soos byvoorbeeld by komposita soos *spaarwiel* en *spaarkamer*, waar die komponent *spaar-* nie die oorgeërfde Nederlandse waarde het, wat betrekking het op "hou vir die toekoms" soos in *spaargeld* en *spaarrekening* nie, maar die Anglisistiese waarde van "ekstra".

4. Slot

Oor die afgelope drie en 'n halwe eeu het 'n hele aantal woorde in die Afrikaanse leksikon semantiese wysigings ondergaan waarby, soos in die voorafgaande bespreking aangetoon is, verskeie faktore op 'n direkte of indirekte wyse 'n rol gespeel het. Die oorsaak van die wysigings is in sommige gevalle duidelik aantoonbaar, maar by ander bestaan daar bloot bespiegelings.

Die tempo waarteen veranderinge plaasvind, wissel na gelang van omstandighede. Dit kan 'n geruime tyd duur voordat 'n verandering deursypel in die taalgebruik van die hele taalgemeenskap. Semantiese wysigings versprei ook nie altyd oor die hele taalgebied nie en bly beperk tot bepaalde streke, soos in die geval van *oorlams*. Vandag kan die moderne kommunikasiemedie wel 'n groot verspreidingsrol speel, soos byvoorbeeld in die gevalle van "*laas week*" en "*Hy doen baie besigheid*."

Die aard van die wysigings kan ook wissel van geringe semantiese verskuiwings tot plotselinge semantiese verplasings. Anttila (1989:153) noem hierdie twee teenpole van die wysigingsprosesse *evolusie* en *mutasie*. Die wyse waarop individue dit ervaar kan egter onderling verskil. Indien 'n persoon in die geval van metaforiese innovasies die verband tussen die oorspronklike waarde en die nuwe duidelik kan insien, sal die semantiese verskuiwings as gering beskou word. So nie, kan die persoon dit ervaar as 'n abrupte verandering wat drastiese reïnterpretasie vereis.

Hoewel die betekenisontwikkeling in Afrikaans 'n interessante verskeidenheid vertoon, is die omvang daarvan nie geweldig groot nie. Smuts (1964:31) noem as redes hiervoor die volgehoue gebruik, tot in die twintigste eeu, van Nederlands as skryftaal, kultuurtaal en onderwysmedium en die invloed van Nederlandse woordeboeke op Afrikaanse vertalende en verklarende woordeboeke. Dit is vandag wel opvallend dat daar by baie woorde in Afrikaans en Nederlands met formele ooreenkoms sinonieme raakpunte is, naas verskillende ander gebruike. Soms is die gemeenskaplike betekenis die kernbetekenis van die woord in die een taal, terwyl dit 'n rand- of sekondêre betekenis in die ander taal is. Daar bestaan ook talle subtiele nuanseverskille tussen woorde wat oënskynlik dieselfde is, wat die verskillende verbande en kontekste waarin die woorde gebruik word, betref. 'n Konkrete voorbeeld om iets hiervan te illustreer is die woord *gemeente*, wat die gemeenskaplike betekenis van "die gesamentlike lede van 'n kerk" het, maar in Nederlands waarskynlik meer frekwent in die betekenis van "plaaslike onderdeel van die staat" gebruik word. Nog 'n voorbeeld in hierdie verband is *vervelend*, wat byvoorbeeld in die geval van 'n *vervelende boek* dieselfde betekenis in albei tale kan hê, naamlik ongeveer "wat 'n onaangename gevoel van leegte of eentonigheid veroorsaak". Hierbenewens kan die woord nog talle ander betekenisnuanses in verskillende ander kontekste in Nederlands hê, wat in Afrikaans onbekend is, byvoorbeeld *die vervelende vent* (onaangenaam) en *hij kan zo vervelend lachen* (hinderlik) (Koenen, 1986:1220). Vir die sprekers van die twee tale veroorsaak soortgelyke gevalle meestal nie oor en weer groot verstaansprobleme nie, weens die feit dat die onderskeid oorbrugbaar is met albei partye se taalagtergrond. Dit is dus merkwaardig dat daar, ten spyte van die tanende kontak tussen Suid-Afrika en Nederland en die geweldige geografiese afstand tussen die twee tale, nog so 'n groot semantiese ooreenkoms tussen die leksikonne van die twee tale bestaan.

Bibliografie

- Abeling, A. 2002. *Het groene woordenboek*. Den Haag : Sdu.
- Anttila, R. 1989. *Historical and Comparative Linguistics*. Second Edition. Amsterdam/Philadelphia : John Benjamins.
- Bloomfield, L. 1979. *Language*. Fourth Edition. London : Allen & Unwin.
- Boshoff, S.P.E. & Nienaber, G.S. 1967. *Afrikaanse etimologieë*. Pretoria : Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns.
- Crowley, T. 1992. *An Introduction to Historical Linguistics*. Oxford/Melbourne/New York : Oxford University Press.
- De Villiers, M. 1975. *Die semantiek van Afrikaans*. Kaapstad : HAUM.
- De Villiers, M., Smuts, J., Eksteen, L.C. 1977. *Nasionale woordeboek*. Derde druk. Kaapstad : Nasou.

- De Vleeschauer, H.J. 1951. *Handleiding by die studie van die Logika en Kennisleer*. Afrikaanse wetenskaplike reeks. Pretoria/Brugge : Uitgewery Moreau.
- Devos, M. & Van Keymeulen, J. 1990. Etimologie en cultuurgesiedenis. In: Moerdijk, A., Pijnenburg, W. & Van Sterkenburg, P. (reds.) *Honderd jaar etymologisch woordenboek van het Nederlands*. 's-Gravenhage : SDU. p. 171-200.
- De Vries, J. 1976. *Etymologisch woordenboek*. Elfde druk. Utrecht/Antwerpen : Het Spectrum.
- De Vries, J. & De Tollenaere, F. 1983¹³. *Etymologisch woordenboek*. Utrecht/Antwerpen : Het Spectrum.
- Donaldson, B.C. 1988. *The Influence of English on Afrikaans*. Pretoria : Serva.
- Goyvaerts, D.L. 1981. *Aspekte van semantiese taalveranderinge*. Gent/Antwerpen/Leuven/Brussel : Wetenskaplike Uitgewerij Story-Scientia.
- Hock, H.H. & Joseph, B.D. 1996. *Language History, Language Change, and Language Relationship*. Berlin/New York : De Gruyter.
- Koenen, M.J. 1986. *Wolters' woordenboek eigentijds Nederlands: grote Koenen/M.J. Koenen, J.B. Drewes*. Groningen : Wolters-Noordhoff.
- McMahon, A.P.S. 1994. *Understanding Language Change*. Cambridge : Cambridge University Press.
- Odendal, F.F. & Gouws, R.H. 2000. *HAT, Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal*. Kaapstad : CTP Boekdrukkers.
- Philippa, M. 1990. Volksetimologie en de verhouding synchronie-diachronie. In: Moerdijk, A., Pijnenburg, W. & Van Sterkenburg, P. (reds.) *Honderd jaar etymologisch woordenboek van het Nederlands*. 's-Gravenhage : SDU. p. 349-362.
- Ponelis, F.A. 1993. *The Development of Afrikaans*. Frankfurt am Main : Lang.
- Raidt, E.H. 1989. Ontwikkeling van vroeë Afrikaans. In: Botha, T.J.R., Ponelis, F.A., Combrink, J.G.H. & Odendal, F.F. *Inleiding tot die Afrikaanse Taalkunde*. Tweede druk. Pretoria/Kaapstad : Academica. p. 87-110.
- Scholtz, J. du P. 1974. *Naamgewing aan plante en diere in Afrikaans*. Kaapstad : Nasou.
- Smith, J.J. 1962. *Op ons taalakker*. Pretoria : Van Schaik.
- Smuts, J. 1964. Betekenisontwikkeling in Afrikaans. *Tydskrif vir Volkskunde en Volkstaal*, 20(4):22-31.
- Van der Merwe, G.S. 2001. 'n Perspektief op ironie in die hedendaagse Afrikaanse taalgebruik. *Literator*, 22(2):91-112, Aug.
- Van der Walt, M.J. 1974. *'n Histories-kriteriologiese studie van die klassifikasie van die betekenisveranderinge van woorde*. Pretoria : UNISA.
- Van Malssen, P.J. (hoofred.), Lecoutere, C. & Van Wely, P. 1914. *Van Dale's Groot Woordenboek der Nederlandsche Taal. Vijfde, geheel opnieuw bewerkte uitgave*. 's-Gravenhage/Leiden : Nijhoff & Sijthoff.
- Van Wyk, G.J. (tegniese red.), Cloete, A.E., Jordaan, A., Liebenberg, H.C. & Lubbe, H.J. 2002. *Etimologiese woordeboek van Afrikaans. (Eerste fase)*. Stellenbosch : Buro van die WAT en US Drukkery.
- Wardhaugh, R. 1998. *An Introduction to Sociolinguistics*. Third Edition. Oxford UK/Cambridge USA : Blackwell.

Kernbegrippe:

ooreenkoms tussen Afrikaans en Nederlands
semantiese veranderingsprosesse in Afrikaans
taaleksterne redes vir betekenisverandering
taalinterne redes vir betekenisverandering

Key concepts:

external reasons for semantic changes
features of languages responsible for semantic changes
processes of semantic change in Afrikaans
similarity between Afrikaans and Dutch

